# 316 Nie vir die stryd wat môre kom




Laat my met ywer werk, laat my
bid met ontsag;
in woord en daad goedhartig wees,
net vir vandag.

Laat ek my trotse wil versaak,
en aardse prag;
en my opstandig vlees bedwing,
net vir vandag.

Laat my geen bose woord ontglip,
geen ydel klag,
plaas, Heer, ‘n seël op my mond,
net vir vandag.

Dus vir die stryd wat môre kom,
vra ek nie krag,
lei my, bewaar my, sterk my, Heer,
net vir vandag.

Sr. Marie Xavier (1856-1917) R.R. Terry (1865-1938)